UITTREKSEL UIT:

HANTAM MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 20 FEBRUARIE 2020 OM 10H00 IN DIE RAADSAAL, KOMMANDO KANTORE, DORPSTRAAT,CALVINIA

TEENWOORDIG

Rdl. R.N. Swartz	(Burgemeester)
Rdl. A.J.E. Claassen	
Rdl. H. De Wee	
Rdl. G. Gous	
Rdl. J.H.N. Klaaste	
Rdl. J.E. Steenkamp	
Rdl. F.J. Sterkse	

AFWESIG MET VERSKONING

Rdl. K. Alexander	(Skriftelike Verskoning)
Rdl. H.C. Steenkamp	(Skriftelike Verskoning)

Verskonings word deur die Voorsitter aanvaar.

AMPTENARE

Mnr. J.I. Swartz	Munisipale Bestuurder
Mnr. J.R. Van Wyk	Senior Bestuurder: Gemeenskaps en Tegniese Dienste
Mnr. W.C. Jonker	Senior Bestuurder: Finansies en Korporatiewe Dienste
Mnr. J.H. Langner	Bestuurder: Begroting en Tesourier
Me. M. Jooste	Hoof: Interne Ouditeur
Me. S. Felix	Hoof: IDP/LED
Me. L. Claasen	Hoof: Regsdienste
Me. E. De Wet	Afdelingshoof: Korporatiewe Dienste
Me. J.C. Louw	Admin Beampte: Komitees

SR06/02-20 FINALE JAARVERSLAG (INGESLUIT DIE VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL) TEN OPSIGTE VAN DIE 2018/2019 FINANSIëLE JAAR

BESLUIT:

1. Dat die Raad die finale jaarverslag vir die 2018/19 finansiële jaar goedkeur.

2. Dat die finale jaarverslag vir 2018/19 finansiële jaar na goedkeuring deur die Raad openbaar gemaak word aan die publiek.

3. Dat die finale jaarverslag vir 2018/19 finansiële jaar insluitend die Oorsigverslag ten opsigte van die 2018/19 jaarverslag binne sewe (7) dae na goedkeuring aan die Provinsiale Wetgewer voorgelê word.

4. Dat die finale jaarverslag vir die 2018/19 finansiële jaar aan die Ouditeur-Generaal, Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Departement verantwoordelik vir Plaaslike Regering voorgelê word.

5. Dat laasgenoemde aan die Minister van Plaaslike Regering gerapporteer word soos vereis deur Artikel 32 van Plaaslike Regering Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA).

Voorstel: Rdl. H. De Wee
Sekondant: Rdl. G. Gous